St. Basilius die Grote & St. Gregorius van Nazianze

2 Januarie

St. Basilius (329-379) en St. Gregorius (329-390)

Saam met Gregorius van Nyssa word daar na hulle verwys as die 'Drie Kappadosiërs', Godsmanne wat 'n geweldig invloed op die Vroeë Kerk se verstaan van God se Openbaring in Jesus Christus gehad het. Basilius het 'n uitstekende opvoeding geniet wat by sy briljante intellek gepas het, maar dit was eers nadat hy 'n diep geestelike ervaring beleef het en in 357 die kloostergemeenskappe van Egipte, Palestina en Mesopotamië besoek het, dat hy waarlik sy talente in diens van God begin gebruik het. Hy word biskop van Caesarea en speel 'n uiters belangrike rol in die bevegting van die Ariaanse dwaalleer. Sy goeie vriend Gregorius het die regte in Athene bestudeer en saam met hom 'n kluisenaargemeenskap begin. Gregorius se vader was biskop van Nazianze en hyself is in 372 aangestel as biskop van Salamis. In 380 word hy aartsbiskop van Konstantinopel, maar bedank later. Albei se briewe en geskrifte is van hoogstaande teologiese gehalte en word vandag nog bestudeer.

© Die Oratorium Uitgewery